

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/English

| November 2017 Edition 2

A budget that prioritises the poor

DESPITE THE ECONOMIC challenges facing the country, government remains committed to improving quality of life.

Government will continue to protect spending on core social programmes that benefit poor South Africans that's according to Finance Minister Malusi Gigaba, who was speaking during his maiden Medium Term Budget Policy Statement (MTBPS) in Parliament recently.

"Over the next three years, consolidated spending will increase by an annual av-

erage of 7.3 percent, from R1.6 trillion in 2017/18 to R1.9 trillion in 2020/21," said Minister Gigaba.

The Medium Term Budget

reflects on the country's finances and economic outlook, and to how the outlook supports the country's national development objectives as articulated in Vision 2030.

Minister Gigaba said government will continue to explore options available to stretch the Rand to address the challenges faced by the majority of South Africans.

"Improving our economic growth outlook over the period ahead remains our biggest challenge.

Creating jobs and dramatically rolling back the tide of unemployment

remains our most urgent priority."

He added that government cannot do this alone.

"We need business, labour and civil society to come together to forge common solutions to growing the economy inclusively, and on a more radical and sustainable basis," he said.

He said community development, learning and culture as well as health are the fastest-growing functions.

"The student movement has correctly put the issue of higher education at the centre of our transformation agenda. We cannot hope to grow and develop without the skills and intellectual capabilities that our universities and technical training colleges produce," said the minister.

The sector's budget will grow from R77 billion this year to R97 billion in 2020/21.

"This includes the provision of financial assistance to subsidise the education of more than 450 000 students every year," said Minister Gigaba.

● **Cont. page 2**



Human lives underpin crime stats

Page 5




Break the cycle, speak out against abuse

Page 7



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele


Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy



■ Finance Minister Malusi Gigaba delivers the Medium Term Budget Policy Statement.

"Using the power you derive from the discovery of the truth about racism in South Africa, you will help us to remake our part of the world into a corner of the globe on which all of humanity can be proud."

Oliver Tambo - Georgetown University, January 27, 1987

Life and legacy of
OR TAMBO.
100 YEARS



Verbreek die siklus - laat jou stem hoor teen mishandeling

GEWELD TEEN VROUE en kinders is 'n skending van menseregte wat deur die hele samelewing beveg moet word.

Die 16 Dae van Aktiwisme Teen Geweld teen Vroue en Kinders is 'n internasionale bewusmakingsveldtog wat mense regoor die wêreld vra om standpunt in te neem teen die mishandeling van vroue en kinders.

WAAROM GAAN DIE 16 DAE VAN AKTIVISME?

- Dit is 'n wêreldwye veldtog om geweld teen vroue en kinders teen te staan.
- Dit is daarop gemik om mense bewus te maak van die negatiewe uitwerking wat geweld en misbruik op vroue en kinders het en om mishandeling permanent uit die samelewing te verwyder.

Die sukses van die veldtog berus op ons daaglikse individuele en kollektiewe optrede om ons samelewing teen die siklus van mishandeling te beskerm.

WANNEER VIND DIE VELDTOG PLAAS?

- Die 16 Dae-veldtog van Aktiwisme vind elke jaar van 25 November tot 10 Desember plaas.



WAT IS SOMMIGE VAN DIE OORSAKE VAN GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS?

Dit spruit voort uit vroue se lae status tuis en in die breër samelewing.

Dit gebeur wanneer mans hul mag en gesagsposisies misbruik om vroue en kinders te beheer.

WAT IS MISBRUIK?

Enige vorm van gedrag wat een van die volgende veroorsaak:

- vrees
- liggaamlike skade, of
- dat 'n persoon dinge teen haar/sy wil doen.

VOORBEELDE VAN MISBRUIK:

- Emosionele mishandeling
- Fisiese mishandeling
- Verkragting

- Seksuele teistering
- Kindermishandeling
- Finansiële mishandeling
- Bekruiping ("Stalking")
- Skade aan eiendom

Dit kan ook onregmatige betreding van of toegang tot 'n persoon se woonplek sonder toestemming insluit.

'n Saak van huishoudelike geweld kan aanhangig gemaak word teen:

- Die persoon met wie jy getroud is, hetsy ingevolge die siviele of gewoontereg.
- Jou maat (van dieselfde of teenoorgestelde geslag) wat saam met jou woon of gewoon het.
- Die persoon met wie jy oerlike verantwoordelikhede deel.
- Mense wat jou bloedverwante is, of wat aan jou verwant is deur 'n huwelik of aanneming.
- Die persoon aan wie jy verloof is, of in 'n gewoonteregverhouding is, of in 'n vriendskapsverhouding is

MOENIE 'N SLAGOFFER WEES NIE!

- Verbreek die siklus van geweld

- Verbreek die stilte
- Ken jou regte
- Tree op teen misbruik
- Moet dit nie ignoreer nie!

WAAR OM HULP TE KRY

- SAPD se Stop Misdaad
Tel: 08600 10111
- Geslagsgebaseerde Geweld-beheersentrum
Tel: 0800 428 428.
- Stop Geslagsgeweld-hulplyn
Tel: 0800 150 150 of sms *120* 7867 # vanaf enige selfoon
- Gesins- en Huweliksgenootskap van Suid-Afrika (FAMSA)
Tel: (011) 975 7107
- Kinderhulplyn (Childline)
Tel: 08000 55 555
- Nasionale Krisishulplyn
Tel: 086 132 2322
- SA Nasionale Raad vir Kinderwelsyn
Tel: 011 339 5741
Tel: 011 339 5741

Community must not keep quiet

VIOLENCE AGAINST WOMEN and children is a violation of human rights that must be fought by all members of society.

Noluthando Motswai

South Africa is experiencing an increasing number of violent crimes against women and children. This is according to Major-General Tebello Mosikili, head of the Family Violence, Child Protection and Sexual Offences (FCS) unit.

The unit was re-established to focus more fully on gender-based violence.

Maj-Gen Mosikili said the tide is slowly turning, with her department working hard to fight abuse in the country.

She said more than 182 000 cases of crimes against women and children were opened since the re-establishment of her unit in 2010. Today, there are over 180 FCS units countrywide, with 2 500 dedicated detectives who have seen over 3 000 life sentences being handed down to perpetrators.

The job of being a detective within the FCS unit requires a person who is patient enough to be able to interview and extract information from victims. "These cases require time... remember this is a person whose spirit has been broken. If there is a child who has been

abused, sometimes they are not sure if what happened to them is wrong or right."

Within the FCS unit there are also forensic social workers who focus on the interface between the legal system and the human service system by means of assessments, compiling of court reports and providing expert testimonies in court.

Maj-Gen Mosikili encouraged South Africans to take a stand against abuse.

"It is my plea that each and every South African must stand up and fight this problem and ensure that South Africa is

a better place to be. The community should not keep quiet when they witness abuse.

"Women and children must


be protected from the home and this will carry through to the community and the entire country." **V**

To report abuse, neglect or exploitation, the community can contact any of the following hotlines:

- SAPS Crime Stop: 08600 10 111
- SMS Crime Line: 32211
- Department of Social Development 24-hour Command Centre: 0800 428 428 (toll-free) – callers can speak to a social worker for assistance and counselling
- Callers can also request a social worker from the Command Centre to contact them by dialling *120*7867# (free) from any cell phone
- Child Welfare South Africa: 0861 424453 / 011 452 4110 / e-mail: info@childwelfare.org.za.

Jy **KAN** jou rug op mishandeling draai

GESLAGSGBASEERDE GEWELD is 'n onrusbarende verskynsel wat met alle mag uit ons gemeenskappe verwyder moet word.



EEN UIT ELKE VYF SUID-AFRIKAANSE VROUE HET AL DIE EEN OF ANDER VORM VAN GESLAGSGBASEERDE GEWELD BELEEF

Gabi Khumalo

Van 25 November tot 10 Desember val die kollig op die bekamping van vroue- en kindermishandeling wat ons land teister.

Vir 16 dae word pogings aangewend om bewustheid oor mishandeling in Suid-Afrika te verhoog, en die samelewing word gemobiliseer om hulle daarteen uit te spreek en die kwesbaarstes in ons land te ondersteun.

Luidens verskeie verslae, waaronder die jongste een van Statistiek Suid-Afrika, het een uit elke vyf Suid-Afrikaanse vroue al die een of ander vorm van geslagsgebaseerde geweld beleef.

Ongelukkig bly die meeste oortreders wat hierdie misdade pleeg, ongestraf, om-

dat hulle slagoffers dikwels in stilte ly.

Die 37-jarige Lerato Mbatha* is goed vertrouwd met die pyn van mishandeling deur iemand wat sy onsterflike liefde vir haar verklaar het, maar later in 'n "monster" verander het.

Soos baie slagoffers van mishandeling het Mbatha, wat van Hammanskraal, noord van Tshwane kom, niemand in haar vertrouwe geneem nie. Sy was te skaam om met haar familie daaroor te praat en het ook nie die misdaad by die polisie aangemeld nie omdat sy destyds geen geloof in die regstelsel gehad het nie.

Dit was meer as ses jaar gelede. Vandag is Mbatha deel van 'n groep aktiviste wat betrokke is by veldtogte teen geslagsgebaseerde geweld wat die slagoffers

aanmoedig om op te staan teen dié wat hulle mishandel.

As 'n oorlewende van mishandeling erken Mbatha dat dit nie altyd maklik is om jou rug op 'n afbrekende verhouding te draai nie. Sy sê die slagoffers is dikwels geneig om hul misbruikers se foute te ignoreer en hulself te blameer omdat hulle dink dit is hulle skuld dat hul misbruikers kwaad geword het.

In haar geval, toe die aanvalle begin het, kon sy haar ouers nie vertel nie omdat sy nie gereed was om met die waarheid gekonfronteer te word nie. Haar ouers was teen die verhouding gekant en sy het haar ouerhuis te verlaat om by haar kêrel in te trek.

Soos in die meeste verhoudings was die eerste paar maande "perfek". Al was sy die enigste een wat werk gehad het, het sy nie omgegee om haar kêrel te onderhou nie.

Maar nadat hulle dogter gebore is, het dinge vinnig begin skeefloop. Van toe af was die verhouding nooit weer dieselfde nie.

"Hy het obsessief geraak en begin om my van allerlei dinge te beskuldig. Hy sou in die middel van die nag huistoe kom nadat hy gedrink het en op my begin

skree.

"Hy het byvoorbeeld 'n geweer en 'n mes op die tafel neergesit en my gevra om te kies met watter wapen hy my moet doodmaak. Ek het hom om verskoning gevra vir iets hoewel ek nie eens geweet het wat ek verkeerd gedoen het nie en hom gesmeek om my nie dood te maak nie. Die volgende dag het hy my om verskoning gevra vir sy optrede en belowe om te verander," het Mbatha gesê.

Die mishandeling het egter nooit opgehou nie en niemand het die tekens van die geweld raakgesien nie, want sy het die kneusplekke op haar gesig met grimering bedek.

Maar Mbatha het moeg geword vir die geweld en om haar mishandelaar te beskerm, en eendag het sy besluit genoeg is genoeg. Sy het besluit dit was tyd om te erken dat sy mishandel word en om hulp te soek.

Mbatha het gevolglik by die #NotInMyName-inisiatief aangesluit, 'n organisasie wat veldtogte organiseer om 'n einde te maak aan geweld teen vroue en kinders.

Die organisasie help slagoffers van mishandeling om geregtigheid te kry en help hulle ook om sake wat nie verder ondersoek word nie, te heropen. Die organisasie ondersteun ook slagoffers van mishandeling deur hulle na hofsake te vergesel.

Hierdie sosiale beweging het 'n unieke benadering tot die hantering van mishandeling; hulle help slagoffers van verkrachting, dwelmmisbruik en geslagsgebaseerde geweld deur hulle vir terapie te verwys sodat hulle hul beproewinge beter kan hanteer. Die organisasie werk ook met jong seuns as deel van hul pogings om

die plaag van misbruik te voorkom en te beëindig.

In Mei vanjaar het honderde mense aan die #NotInMyName-optog teen vrouemishandeling deelgeneem. Die optog na die Uniegebou het gevolg op voortdurende berigte van verkrachting, moord en ander geslagsgebaseerde geweld in die land.

Danksy die holistiese hulp wat sy van die #NotInMyName-inisiatief ontvang het, kan Mbatha nou na haar drie dogters omsien en namens die slagoffers van geslagsgebaseerde geweld vir geregtigheid veg.

Sy is van mening dat veldtogte teen misbruik ook op



"Die volgende dag vra hy om verskoning en belowe om te verander..."

jong seuns wat deur misbruik geraak word moet fokus, omdat hulle hul later dikwels self aan misbruik skuldig maak.

Tydens die 16 Dae-veldtog van Aktivisme Teen Geweld Teen Vroue en Kinders in Suid-Afrika, kan die slagoffers krag put uit stories soos dié van Mbatha. Hulle moet hul ook uitspreek teen mishandeling en hulp soek.

Terwyl Mbatha daarin kon slaag om die siklus van geweld te verbreek, is baie ander nie so gelukkig nie en moet uiteindelik die hoogste prys betaal.

* Die naam van die slagoffer is op haar versoek in hierdie artikel verander.



Heropen die sake wat nie verder ondersoek word nie.